basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT/ NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2020

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik bv. 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde vir jou beplanning.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 60 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

1.1 **EK KON NIE GLO DAT DIT MET MY GEBEUR HET NIE**

Daar het iets gebeur wat jy nooit gedink het met jou sal gebeur nie.

Skryf 'n **opstel** en vertel wat gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wat het met jou gebeur?
- Wanneer, waar en hoe het dit gebeur?
- Hoe het jy gevoel toe dit gebeur het?
- Hoe het dit jou lewe verander? **[40]**

1.2 **SELFIES**

Party mense hou van selfies, maar ander hou nie daarvan nie.

Skryf 'n **opstel** hieroor.

Dink aan die volgende:

- Wat is 'n selfie?
- Hoe neem mense selfies?
- Hoekom hou party mense van selfies?
- Hoekom hou ander mense weer nie van selfies nie? **[40]**

1.3 **SKIELIK WAS DIT PIKDONKER ...**

'n Mens skrik as alles om jou skielik pikdonker word.

Skryf 'n **opstel** en vertel hoe dit eendag skielik pikdonker om jou geword het.

Dink aan die volgende:

- Wat het gebeur?
- Wanneer en waar het dit gebeur?
- Hoe het dit jou laat voel?
- Wat het jy hieruit geleer? **[40]**

1.4 **MY GROOTOUERS IS KOSBAAR**

Grootouers ('grandparents') is kosbaar ('precious') en dis 'n voorreg ('privilege') om hulle te hê.

Skryf 'n **opstel** en vertel van jou grootouers.

Dink aan die volgende:

- Wie is jou grootouers?
- Watter tipe mense is jou grootouers?
- Hoe wys jy dat jy baie lief vir jou grootouers is?
- Watter rol speel jou grootouers in jou lewe? **[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1




[Bron: youthvillage.com] **[40]**

1.5.2




[Bron: greenliving.com] **[40]**

1.5.3



[Bron: freeiconsPNG.com] **[40]**

1.5.4



[Bron: irisclasson.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

## VRAAG 2

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy bly nie meer by jou pa en ma nie omdat jy werk op 'n ander dorp gekry het.

Skryf 'n **brief** aan jou ma en pa om van jou nuwe lewe te vertel.

Dink aan die volgende:

- Hoe lyk jou nuwe blyplek?
- Hoe gaan dit by jou nuwe werk?
- Vertel van jou nuwe vriende wat jy gemaak het. **[20]**

### 2.2 FORMELE BRIEF

'n Familielid was baie siek en moes hospitaal toe gaan. Almal by die hospitaal het baie mooi na jou familielid gekyk.

Skryf 'n **formele brief** aan die superintendent van die hospitaal om dankie te sê dat hulle so mooi na jou familielid gekyk het.

Gebruik die volgende adres:

Die Superintendent
Mahikeng Hospitaal
Posbus 2485
Mahikeng
3205

Dink aan die volgende:

- Wie was die familielid en wat het hom of haar makeer?
- Watter goeie dinge het die dokters, susters en verpleegsters vir jou familielid gedoen?
- Hoe gaan jy seker maak dat ander mense weet van hierdie hospitaal se goeie diens? **[20]**

## 2.3 INFORMELE VERSLAG

'n Vriend of vriendin was in 'n motorongeluk en kan nie meer loop nie. Die mense in jou gemeenskap het geld ingesamel en vir hom/haar 'n rolstoel gekoop.

Julle gemeenskapsleier het vir jou gevra om 'n kort **verslag** te skryf oor die insameling van die fondse en die oorhandiging van die rolstoel.

Dink aan die volgende:

- Hoe het julle die geld ingesamel en die rolstoel aangekoop?
- Hoe het julle die rolstoel aan jou vriend/vriendin oorhandig?
- Wat was jou vriend/vriendin se reaksie? **[20]**

## 2.4 INFORMELE TOESPRAAK

Die ouers en leerders van die skool hou 'n vergadering met taxibestuurders. Die ouers en leerders is bekommerd oor die veilige vervoer van leerders skool toe. Jy verteenwoordig die leerders.

Skryf die **toespraak** wat jy by hierdie vergadering gaan lewer om die leerders se bekommernis met die taxibestuurders te deel.

Dink aan die volgende:

- Wat is die doel van jou toespraak?
- Waaroor is die leerders bekommerd?
- Wat moet die taxibestuurders doen dat die leerders veilig sal wees? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50–70 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 3

3.1 **STROOIBILJET**

Jou vriend is die eienaar van 'n supermark. Hy wil 'n paar van die produkte in sy supermark teen 'n spesiale prys verkoop. Hy vra jou om 'n strooibiljet te ontwerp.

Maak 'n **strooibiljet** om hierdie produkte te adverteer.

Dink aan die volgende:

- Die inligting wat op die strooibiljet moet verskyn.
- Die korrekte formaat vir 'n strooibiljet.

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy moet 'n toets gaan aflê om jou bestuurderslisensie te kan kry.

Skryf hieroor in jou dagboek. Jy moet **TWEE** inskrywings maak:

- Die dag **voordat** jy die toets gaan aflê
- Die dag **nadat** jy die toets afgelê het

Dink aan die volgende:

- Hoe het jy gevoel voordat jy die toets afgelê het?
- Hoe het jy gevoel nadat jy die toets afgelê het? **[20]**


## 3.3 RIGTINGAANWYSINGS

Iemand kry seer tydens 'n musiekkonsert wat op julle dorp se sportveld gehou word.

Verduidelik hoe om van die sportveld af tot by die hospitaal te kom. Gebruik die pyltjies, straatname en bakens. Skryf die **aanwysings** puntsgewys neer.

Begin só:

1. Ry in Bloustraat af tot by ... .
2. ...
3. ...




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou